DEEL 118 | WEEK 17 | 24 APRIL 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Oë oop vir sukses: Studente projek bring lig na Heilbron

Vir baie leerders in Heilbron het die wêreld Saterdag skielik skerper, helderder en vol nuwe moontlikhede geword. Wat vir sommige net 'n eenvoudige oogtoets was, het vir ander die begin van 'n beter toekoms beteken – alles danksy 'n toegewyde span studente wat hul kennis in diens van die gemeenskap gestel het.

Op Saterdag 18 April het die Universiteit van Johannesburg se Departement Optometrie 'n betekenisvolle gemeenskapsprojek in die dorp aangebied, waartydens gratis oogtoetsings en brille aan plaaslike skoolleerders verskaf is.

Altesaam 120 leerders van Hoërskool Heilbron en omliggende skole is deur die dag getoets, met ongeveer 90 wat uiteindelik van brille voorsien is – 'n daad wat nie net hul sig nie, maar ook hul leervermoë en selfvertroue 'n hupstoot gee.

Die gemeenskaps-uitreikprogram is deur 'n groep finalejaarstudente aangebied as deel van hulle SVOSH (Student Volunteer Optometric Services to Humanity) Projek, 'n kernvereiste wat daarop gemik is om praktiese ervaring te kombineer met werklike impak in gemeenskappe.

'n Sleutelfiguur in die reëling van die uitreik was Wikus van Wyk, 'n vierdejaarstudent wie se familie 'n besigheid in Heilbron het genaamd Cobus van wyk oogkundiges. Hy het die behoefte in Heilbron raakgesien en sonder huiwering besluit om sy projek hier te vestig. “Hier is 'n werklike behoefte, en ek wou graag 'n verskil maak waar dit saak maak,” het hy gesê.

Die belangstelling was oorweldigend, met leerders wat reeds van 07:00 af in rye gestaan het. Die span studente het onverpoosd gewerk en eers teen 17:30 afgesluit om seker te maak elke kind ontvang die nodige aandag.

Hierdie inisiatief dien as 'n kragtige bewys van wat moontlik is wanneer kundigheid en deernis hande vat – en hoe jong professionele mense reeds besig is om lig te bring waar dit die nodigste is.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Hoe verduidelik mens die dood aan 'n kind?*

*• Elmarie Els-Hammann*

Op 10 April 2026 in Sasolburg is die gemeenskap geruk oor die dood van 'n seun op die rugbyveld en die tema van die dood onder kinders was 'n gesprek wat in die maatskaplike werker se kantoor bespreek was. Die aanvanklike situasie was vir die kindersversorgers, hoe begin mens die gesprek oor die dood en hoe hanteer mens dit wanneer kinders jou vra oor die dood. Die tragiese gebeurtenis het weer 'n moeilike maar belangrike gesprek oopgemaak oor hoe volwassenes kinders moet begelei wanneer hulle met verlies gekonfronteer word. Vir baie ouers en versorgers bly dit een van die moeilikste onderwerpe om aan te spreek.

Die sleutel tot hierdie gesprekke lê in eerlikheid en eenvoud. Kinders het nie ingewikkelde verduidelikings nodig nie, maar eerder duidelike, rustige en veilige antwoorde wat hulle kan help verstaan wat gebeur het. Wanneer 'n kind vra wat dood is, is dit belangrik om nie die vraag te vermy nie. Dit help om eers by die kind te begin deur te vra wat hulle self verstaan, sodat die gesprek aangepas kan word by hul vlak van begrip. Die gesprek moet kalm en direk gevoer word, met taal wat by die kind se ouderdom pas. Eenvoudige verduidelikings soos: "Wanneer iemand doodgaan, beteken dit hul liggaam hou op werk en hulle kan nie meer asemhaal, beweeg of terugkom nie," help om verwarring te voorkom. Kinders verwerk verlies oor tyd en kan dieselfde vrae herhaaldelik vra. Geduld is daarom belangrik, en volwassenes word aangemoedig om elke keer rustig en konsekwent te reageer.

Emosionele bevestiging speel 'n groot rol. Kinders moet verstaan dat dit normaal is om hartseer, bang of verward te voel. Om hul emosies te benoem en erkenning daaraan te gee, help hulle om dit beter te verstaan en te verwerk. Ondersteuning van 'n kind in hierdie tyd gaan egter verder as net gesprekke. Kinders het 'n behoefte aan veiligheid en roetine—om hul daaglikse ritmes so normaal moontlik te hou, help om stabiliteit te skep in 'n tyd wat onseker voel. Eenvoudige dinge soos gereelde etenstye, skoolbywoning en slaaptydroetines kan 'n groot verskil maak.

Fisiese teenwoordigheid en troos is ook belangrik. 'n Drukkie, om naby te sit of net beskikbaar te wees, gee vir die kind die boodskap dat hulle nie alleen is nie. Party kinders sal meer stil wees, terwyl ander meer aandag en nabyheid soek—albei reaksies is normaal. Dit is ook waardevol om kinders toe te laat om hul gevoelens op verskillende maniere uit te druk. Sommige sal praat, ander sal teken, speel of stories vertel. Hierdie kreatiewe uitdrukkings help hulle om sin te maak van wat gebeur het, selfs wanneer hulle nie die regte woorde het nie.


Herinnering speel ook 'n rol in verwerking. Om oor die persoon te praat wat oorlede is, herinneringe te deel of selfs klein herdenkings te hou, kan help om die verlies op 'n gesonde manier te integreer. Dit is belangrik om verwarrende frases soos "hy slaap" of "hy is weg" te vermy, aangesien dit by kinders onsekerheid of selfs vrees kan veroorsaak. Volwassenes hoef nie altyd al die antwoorde te hê nie. Dit is aanvaarbaar om eerlik te wees en te sê dat dit 'n moeilike onderwerp is, maar dat hulle daar is om saam met die kind daardeur te werk. Indien daar 'n behoefte is vir dieper gesprekvoering of wanneer 'n kind sukkel om die verlies te verwerk—byvoorbeeld as hulle aanhoudend onttrek, angstig raak of gedragsveranderinge toon—is dit wys om professionele hulp in te roep, soos



die plaaslike maatskaplike werkkantoor of selfs 'n predikant wat ondersteuning en leiding kan bied.

Die voorval het weer die belangrikheid beklemtoon van oop, eerlike gesprekke met kinders oor moeilike lewenswaarhede. Deur geduld, teenwoordigheid en deurlopende ondersteuning kan volwassenes kinders help om stap vir stap begrip en verwerking te ontwikkel in tye van verlies.

## UIT DIE PEN: Week 17



By ons kerk moet ons elke Sondagoggend 'n plakker dra met jou naam op. Aanvanklik was dit vir almal 'n nuutjie, maar soos die dae en weke aangeloop het, was dit nie meer op almal se agenda nie.

Ek kyk hoeveel keer ek by die tafel verby kan sluip sonder om my naam op die plakker te skryf en dit styf teen my linkerskouer te plak. Dis verseker nie hoe dit gedoen moet word nie. Ek het geen verskoning hoekom ek nie my naam wil dra nie. Dit laat my bloot net voel soos 'n eerstejaar op die PUK. Wat seker nie meer die PUK genoem word nie. Indien 'n eerstejaar nie sy of haar naamkaartjie gedra het nie, het die senior (manlik of vroulik), met 'n kwaai stem gevra: "Door, waar is jou tietklap?"

Dit was snaaks vir die seniors, maar ek kry nou nog nagmerries daaroor.

Ek dink dit is amper dieselfde as wat met ons land aan die gebeur is. (Ek praat nou van die naamkaartjies by die kerk, nie van die PUK en sy intriges nie.) Iemand sluip verby sonder om te doen wat vereis word.

Mense kyk hoeveel keer hulle die wetgewing kan misbruik voordat hulle gevang word. Nà die eerste oortreding gaan hulle verder, en probeer die volgende wetgewing ontduik. So word daar later meer en meer "ongehoorsaamhede" gepleeg bloot omdat iemand kan.

Die afgelope week het ek weereens van boelies en padwoede gehoor.

Hoe word iemand 'n boelie, wonder ek? Is dit nie as gevolg van die voorbeeld wat jy sien nie? Die ouers of een of ander gesagsfiguur kry dit reg om wetgewing te omseil deur iets te doen wat teen die grein van die samelewing is of teen die letter van die wet. Die volwassene kry dit reg en stuur dan die boodskap uit dat boosheid seëvier.

Hoe doen hulle dit? Ouers kan onderwysers by die kinders beswadder en sodoende kinders leer dat dit aanvaarbaar is.

Ouers wat spog oor omkoopgeld, en dit voor die kinders noem. Gesagsfigure wat vir almal vertel hoe hulle nie die verkeersreëls gehoorsaam nie. Of meer nog: ander mense laat intimideer en hulle dit vir almal vertel. Kinders is baie vatbaar vir nuwe en aweregse opinies en optredes, al dink ons hulle gee nie aandag nie.

Die ander dag kyk ek na 'n geselsprogram waar die aanbieder met die ma van Anthonie Bougas gesels. Ma vertel toe hoe die oudste seun op 15-jarige ouderdom (dalk 16? Ek kan nie onthou nie) saam met sy pa gerook en "gekuier" het. Dalk, sê die ma, moes hulle beter ouers gewees het. Sy het die stelling in die lug laat hang.

Iemand skryf vir my dat haar kind 'n swaar roker is, en nou weet sy nie hòè die arme kind vir 180 minute sonder 'n sigaret gaan klaarkom nie. Wat, wil sy weet, kan sy doen om haar kind tegemoed te kom gedurende die eksamen?

Ek dog ek stik in my *brêkfis*.

Met padwoede dink ek amper dit is dieselfde: daar is duisende bestuurders wat nie die padreëls gehoorsaam nie, en iewers spring 'n medereisiger se prop af. Ons sien daagliks hoe mense hulself glad nie aan die padverkeersreëls steur nie.

In Pretoria kan jy dit nie waag om, sodra die verkeerslig oorgeslaan het na groen, te ry nie. Ons moet voorsiening maak vir padvarke wat oor die rooi lig ry.

Daar is taxis en ander voertuie wat net eenvoudig die noodligte aansit, en stop waar hulle wil. Hulle kan ook ry waar hulle wil wanneer die noodligte aan is. En ek het die hele tyd gedink dat noodligte vir nood situasies is. Lyk my ek was verkeerd.

Daar is bestuurders wat net nie kan wag nie. Hulle gaan aan die linkerkant van die pad verby en indien jy enigsins in die pad is, druk hulle die motor se neus voor jou in.

Miljoene jaar gelede, toe ek my bestuurderslisensie gekry het, kan ek onthou dat 'n verkeerslig wat nie werk nie, soos 'n vierrigtingstop behandel moet word. Ek kan onthou hoedat 'n geregsdienaar my en my goeie man voorgekeer het toe ons net woerts oor die kruising gery het. En dit nogal tydens ons wittebrood.

Gister moes ek oor 'n kruising by 'n verkeerslig wat nie werk nie. Agter my is 'n bakkietjie wat meer soos 'n kapokkietrokkie lyk. Ek stop by die kruising, want ek het in my geestesoog gesien hoe die voorbode van die geregsdienaar my bekruip. Wat sal die bestuurder van die kapokkietrokkie doen? Hy toet vir my en wys iets met sy hande. Ek wys iets terug met my hande, maar blaas die aftog want hy sal tog nie verstaan nie.

Ek moet net gou byvoeg dat ek gek is na my toeter, maar ek sal dit geheim hou. As iemand by 'n vierrigtingstop net oor jaag, lê ek op my toeter. Die toppunt van lekkerkry. Dis my *guilty pleasure*.

Iedergeval: ek dink die magteloosheid van die publiek gee aanleiding tot die padwoede. Die meeste bestuurders sien dat daar mense is wat 'n veer voel vir reëls, en wanneer iemand vir die soveelste keer 'n oortreding begaan, begin die woede oorborrel.

Ek keer glad nie die geweld goed wat daarmee gepaard gaan nie, maar ek kan dink hoekom dit gebeur. Hulle sien ook hoedat mense nie net verkeersreëls nie, maar ook ander reëls oortree sonder enige nagevolge. Ons sien hoe die wetteloosheid stelselmatig insypel.

Ek het hierdie week geleer dat dit nie saakmaak wie die reëls oortree nie, dit maak wel saak of ek by die reëls bly. Al moet ek die enigste een wees wat soos 'n *pôpô* by 'n vierrigtingstop stop.

Maar ek gaan steeds nie 'n naamplakker opsit nie.

WINKELURE - HERALD OFFICE NATIONAL

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**

**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

# Stoep Stories open deure met styl en sjarme

'n Nuwe kuierplek, Stoep Stories, het onlangs sy deure op die perseel van die ou Friends@62 geopen en lok reeds aandag in die gemeenskap. Die winkel word bestuur deur Renet van Rooyen en Julandie de Wit – twee bekende gesigte met 'n passie vir kwaliteit en styl.

Julandie en haar dogter Izany is reeds bekend vir hul smaaklike kosse by Gianni's, terwyl Renet haar merk gemaak het met haar kenmerkende "Plain Jane"-klere. Saam bring hulle 'n unieke kombinasie van heerlike disse en stylvolle eenvoud na die nuwe onderneming.

Die atmosfeer by Stoep Stories is warm en verwelkomend, met dekor en kos wat 'n huislike gevoel skep en besoekers onmiddellik op hul gemak laat voel. Die spyskaart verander weekliks en hou kliënte nuuskierig en opgewonde vir wat volgende aangebied word.

Op 17 April is 'n spesiale, privaat opening gehou waar vriendinne genooi is – juis omdat hulle die inspirasie was agter die ontstaan van die winkel. Die gaste het heerlik gekuier en saam 'n glas wyn geniet. Volgens Renet speel die ondersteuning en motivering van vriendinne 'n groot rol in die verwesenliking van 'n droom soos dié.

Kort daarna is die deure ook vir die publiek oopgemaak, en Stoep Stories beloof om iets vir elke besoeker te bied – jonk en oud. Met sy unieke aanbod en hartlike atmosfeer is dit reeds besig om 'n gunsteling kuierplek in die omgewing te word.




*Op die foto vl: Izany de Wit, Renet van Rooyen en Julandie de Wit.*







*Corrie en Amané van Loggerenberg is getroud op die 18de April 2026 te Lions Lake. Corrie is die seun van Fanie van Loggerenberg en Annelize Rautenbach van Heilbron. Amané is die dogter van John en Amarinda Watson ook van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Hoopstad.*

# Huppel Trippel geniet 'n heerlike Herfsdag

## Rolstoep Stap



Die ligte briesie het inwoners nie verhoed om hulle deel van die heilsame Vitamien D in die buitelug te kom geniet nie. Die verversings by die gebruiklike 'pitstops' het weereens groot byval gevind. Hierdie keer was daar nog 'n meevallertjie...gevriesde ysies - wat ook 'n treffer was. Na afloop van die stap het almal ontspanne onder die koeltebome gekuier met Boeremusiek wat gesellig oor almal gespoel het. 'n Paar se voete kon nie stilsit nie; en hulle het die gras "dansbaan"aangedurf. Ná nog ń gesellige saamkuier, is almal rustig terug huistoe. Op 5 Mei handel die program oor nostalgiese kleintyd kos-herinneringe. Kom kuier gerus saam om 10 uur in die eetsaal.



# Verwoestende brand ruk Boitumelong-Skool

'n Verwoestende brand het Maandagaand, 20 April, groot skade by Boitumelong-skool aangerig toe verskeie klaskamers en stoorkamers in ligte laaie gestaan het.

Volgens inligting het die Heilbron-brandweer omstreeks 22:10 'n noodoproep ontvang oor die skool wat brand. Met hul aankoms was een van die klaskamers reeds in vlamme gehul, en die vuur het vinnig na weerskante begin versprei. Daar word vermoed dat die brand reeds vroeër die aand, tussen ongeveer 21:00 en 21:30, ontstaan het.

Ten spyte van die brandweer se vinnige optrede, het drie klaskamers en twee stoorkamers totaal en al uitgebrand. 'n Boekstoor, wat groot hoeveelhede handboeke en skryfbehoeftes bevat het, is ook heeltemal vernietig, wat 'n ernstige terugslag vir die skool se leermateriaal beteken.

Daar word vermoed dat die brand moontlik die gevolg van brandstigting is. Volgens bronne was daar ook 'n poging om die administrasieblok aan die brand te steek, maar dié poging was onsuksesvol.

Brandbestryders het die vlamme deur die nag beveg, met ondersteuning van die Frankfort-brandweer. Die brand is eers omstreeks 09:00 die volgende oggend onder beheer gebring.

Die omvang van die skade en die impak op die skool se bedrywighede word tans bepaal. Owerhede ondersoek die oorsaak van die brand.



## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE COMMONAGE BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Commonage By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# Drie borge span saam om Hoërskool Heilbron op die sportveld te laat uitblink

In 'n merkwaardige gebaar van samewerking en gemeenskapsgees het drie groot borge saamgespan om Hoërskool Heilbron se wintersportklere vir die hele skool te borg. Die inisiatief is aangevuur deur mnr. Jaco Mocke, wat besluit het om 'n daad van welwillendheid te verrig en die projek van stapel te stuur. Hy het verskeie rolspelers genader en daarin geslaag om sterk ondersteuning van drie borge te verseker, naamlik David Cunningham vanaf Greenspan in Frankfort, Mon Game Ranch, asook die hoofborg, United Seeds. Hy het dit onder die aandag van Gerrie Roos (Beheerliggaam van Sport) wat 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van die projek.

Verteenwoordigers van United Seeds, mnr. Ben Cilliers, verkoopsman in die omgewing, en mnr. Cobus Meintjes, hoof van bemarking en verkope in Afrika, het die skool onlangs besoek om die samewerking te beklemtoon. Tydens hul besoek het hulle hul trots uitgespreek oor die geleentheid om betrokke te wees. "Dit is vir ons 'n voorreg om Hoërskool Heilbron te ondersteun. Dit is veral besonders om te sien hoe netjies en goed versorg 'n plattelandse skool is," het hulle gesê.

Hulle het verder beklemtoon dat die borgskap nie net oor sportklere gaan nie, maar oor die teruggee aan 'n gemeenskap wat hulle oor jare ondersteun het. "Hier is baie boere wat ons in die Heilbron-omgewing ondersteun, en dit is vir ons belangrik om iets terug te ploeg in die gemeenskap," het hulle bygevoeg.

Mnr. Mocke het self ook 'n groot finansiële bydrae uit sy eie onderneming gemaak om die projek moontlik te maak, wat sy toewyding tot die skool en sy leerders verder onderstreep. Roos noem dat die beheerliggaam en Skoolhoof dit baie waardeer wanneer ouers groot bydrae maak tot die skool se sukses.



*Foto agter vl: Gerrie Roos (Beheerliggaam van Sport), Jonny van der Merwe (Skoolhoof), Ben Cilliers (Verkoopsteenwoordiger), Cobus Meintjes (Hoof van Bemarking en Verkope in Afrika), Jan Brits (Onderhoof). Voor vl: Chantal Kruger, Wessel Pieters, Hilde Pieters, Lené Nel en Louise Snyman (Beheerliggam van Finansies).*

## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE BUILDING CONTROL BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Building Control By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE OUTDOOR ADVERTISING BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Outdoor Advertising By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE**

In die boedel van wyle
**FREDERIK RENIER BOTHA,**
Identiteitsnommer 580310 5053 088, Wewenaar, wie woonagtig was te Plaas Ararat, Distrik Frankfort, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 19 Februarie 2026,
**Boedelnommer 002023/2026**.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**

In die Gesamentlike Boedel van **RONNIE JAMES MAARMAN,** Identiteitsnommer 541012 5107 08 2, wie getroud was Binne Gemeenskap van Goedere met **CHRISSIE BRENDA MAARMAN,** Identiteitsnommer 631014 0160 08 3, in lewe 'n pensioenaris van Joycestraat 62, Sandersville, Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 7879/2023**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VD MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Neem asb kennis dat Artikels en Advertensies vir die Heilbron Herald van 30 April 2026, Dinsdag 28 April om 10:00 is.

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***







SELF-INKING DATER STAMPS




SELF-INKING STAMPS


Herald
Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033




**Vir enige nuus en advertensies vir die**
**Heilbron Herald**
**Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**
**Elsstraat 44, Heilbron**

POSTNET
HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2026 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 16 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 6 JUNIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 11 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 15 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON | Tel: 058 853 0006












BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 28 APRIL 2026**

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

UITHOEK BV (LUNEBURG)
2-Maandelikse veiling
Kontak Rocco082 799 2776

**WOENSDAG - 29 APRIL 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BETHLEHEM:
BRIAN JARDINE 2-DAG VEILING
696 Angus beeste
11:00, plaas De Hoek
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**DONDERDAG - 30 APRIL 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

BETHLEHEM:
BRIAN JARDINE 2-DAG VEILING
Implemente & toerusting
11:00, plaas De Hoek
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**VRYDAG - 1 MEI 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
[redacted]








Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron





VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING